

SKRYWERS OOR BIBLIOTEKE



Saamgestel deur GRIZÉLL AZAR-LUXTON

So 'n rukkie gelede kom ek op 'n artikel af waarin Amerikaanse skrywers vertel watter rol biblioteke in hulle lewe gespeel het. Dit sit my toe aan die dink. Uit die aard van die saak is die meeste van ons wat in die Biblioteekdiens betrokke is, half biblioteekverskrik - ek meen - dit is so deel van ons daaglikse eet en drink dat mens amper nie kan dink dat dit nie so vir almal is nie. Maar die vraag is - watter rol speel dit regtig in mense se lewens - indien enige - en meer spesifiek vir die doeleindes van hierdie artikel - ons talentvolle Suid-Afrikaanse skrywers? Wat dink hulle van biblioteke - was 'n besoek aan 'n biblioteek as kind miskien daardie oorspronklike flikker van inspirasie wat hulle gebring het waar hulle vandag is? Wat doen biblioteke reg - en verkeerd? Wat is die gevoel oor tegnologiese vernuwing in biblioteke en het biblioteke nog 'n plek in die samelewing?

Hierdie en ander is vrae wat ons aan 'n aantal skrywers gerig het. Lees gerus wat hulle sê.

Janie Oosthuysen skryf...

My eerste biblioteek was my ma. Sy was 'n opgeleide kindertuinonderwyseres en het haar vier kinders klein-klein met die klankmetode leer lees. Ek is skool toe met 'n voorsprong; ek was die enigste sub A'tjie wat somme kon doen en vlot kon lees en ek het gevoel ek is die slimste kind in die skool.

Sy vertel dat elke klas 'n klein klasbiblioteek gehad het en sy moes dikwels vir die klas voorlees terwyl die juffrou iets anders sit en doen. Sy onthou hoe sy eenkeer uit pure dwarsgeit 'n ABC-boek begin lees het. Die klas het 'n keel opgesit en die onderwyseres het gesteurd opgekyk. Sy moes iets anders kies. Maar die kwaad was gedoen. 'My

gewildheid as voorleser was onherroeplik geknou. Hierna het 'n ander dogtertjie, Gerda, ook soms voorgelees. Ek het vir Gerda met inspanning verdra.'

In daardie tyd het Swellendam se openbare biblioteek 'n beleid gehad (of dalk het ons kinders dit net vir die een of

ander rede geglo) dat kinders een Afrikaanse en een Engelse boek moet uitneem. Ek het uit die staanspoor lywige Afrikaanse boeke gelees, soos **Ciske** en **JHH de Waal** se **Johannes van Wyk** en was skaam om met klein Engelse kinderboekies in die hand gesien te word. Ek het dus groot, dik, imposante Engelse boeke uitgeneem wat ek tot my skande nooit gelees het nie.

My ma se keuse van Afrikaanse voorleesmateriaal was beperk. 'Ek onthou hoe sy die eerste Afrikaanse vertaling van **Winnie-the-Pooh** met smaak vir ons voorgelees het. Sy't soms so gelag dat ek en my boetie niks kon hoor nie. Terloops, ek dink nou nog **Ottie** is 'n briljante vertaling vir **Piglet**. Baie ander Engelse kinderboeke het my ma sommer uit die vuis vertaal terwyl sy vir ons lees. Ek reken dis waar my liefde vir die Engelse letterkunde begin het.

Ek kan nie genoeg klem lê op die waarde van voorlees vir kinders nie. Alle ouers en kinders móét net 'n spesiale tydjie voor slaapyd hieraan afstaan. Dit bring almal tot bedaring, maak die wêreld oop en bou wonderlike herinnerings. En vandag is daar soveel om uit te kies.

Titels en vertalings in voorraad:

Artemis Fowl. - Human, 2002.

Barney se boek vol drukkies. - Lapa, 2002.

Barney sê, "Asseblief en dankie". - Lapa, 2002.

Carmen Toetoeka en die vloek van Isis Huis. - Human, 2001.

Dans met die sekelmaan. - Human, 2001.

Drome op Duinebaai. - Human, 1997.

Eendag as ek groot is. - Lapa, 2001.

Eggo's van gister. - Human, 1999.

Grandma Duckitt and the Getaway car. - Human, 1996.


Grandma Duckitt and the Zeppelin. - Human, 1996.

Grandma Duckitt and the Dreadnought Mark III. - Human, 1997.

Grandma Duckitt and the intergalactic V-919 supercomet. - Human, 1998.

Harry Potter en die toewenaar se steen. - Human, 2000.

Harry Potter en die kamer van geheime nisse. - Human, 2000.



Ek kan nie genoeg klem lê op die waarde van voorlees vir kinders nie. Alle ouers en kinders móét net 'n spesiale tydjie voor slaapyd hieraan afstaan. Dit bring almal tot bedaring, maak die wêreld oop en bou wonderlike berinnerings. En vandag is daar soveel om uit te kies

Harry Potter en die gevangene van Azkaban.- Human, 2000.

Harry Potter en die beker vol vuur.- Human, 2001.

Juffrou Luisenbosch en die breinwassers.- Human, 1996.

Kara en die blafdemper.- Human, 1995.

Kry 'n vlieëkoekie en ander krakerige stories.- Human, 1999.

Ms Buggbuster and the brainwashers.- Human, 1996.

My hart behoort aan jou.- Human, 1997.

Ouma Hester en die Getaway-kar.- Human, 1996.

Ouma Hester en die Zeppelin.- Human, 1996.

Ouma Hester en die Dreadnought Merk III.- Human, 1997.

Ouma Hester en die intergalactic V-919 supercomet.- Human, 1998.

Die perd en sy seun.- Human, 2002.

Prins Kaspian.- Human, 2002.

Professor ExPerimento se verskriklike formules.- Human, 1997.

Sergeant Spoofer's incredible lie detector.- Human, 1998.

Sersant Spochter se ongelooflike leuenverklikker.- Human, 1998.

Skaduwee van die dood.- Human, 2000.

Joan Hambidge skryf...



In my troebel jeug was daar 'n reisende biblioteek wat eenkeer 'n week ons suburb besoek het. Die biblioteek is ingewag in die rooi grond en boomlose, nuwe domein. Wagterend op hierdie reisende biblioteek.

Dis 'n verdwene fenomeen, meen ek. Biblioteke wat uitgestuur is na mense wat buite bereik van 'n openbare of munisipale biblioteek is. Natuurlik is dit net gestuur na wit woonbuurte. Ons weet dat mense wat grootgeword het in 'lokasies' - soos dit toe geheet het - nie hierdie guns bewys is nie.

lwers in 'n Italo Calvino-verhaal staan dit: wanneer 'n mens in Italië reis na onherbergsame, of dikwels, 'primitiewe', gedeeltes, word die reisiger verwelkom. Vanaand egter - nadat hy 'n bed en 'n bord kos ontvang het - moet hy 'n storie vertel. 'Sing for his supper.' So in 'n koue, onherbergsame en dikwels afgeleë plek, begin hy dan 'n storie vertel of fabriseer. Waarskynlik 'glo' sy lesers hom nie heeltemal nie, want om te vertel is ook om te lieg. Die waarheid gelieg, soos TTCloete dit noem.

Clarissa Pinkola Estés praat weer van die 'cantadora' in haar **Women who run with the wolves** (1992). Die vrou as storieverteller. As fabulator. In hierdie pragboek word stories gekoppel aan die magiese en haar ontleding van ou fabels of mites word gelaai met nuwe betekenis.

Maar daardie reisende biblioteek (die biblioteek-op-wie-le) was ook goed ingerig. Daar was van Konsalik tot Etienne Leroux verkrygbaar. En vir kinders al die reeksboeke soos *Maasdrorp*, *Die Uile*, *Saartjie* en *Trompie* en al die ander

verhale wat ons psiges gevorm het. Boonop was verhale ook aangedra deur die radio: **Die geheim van Nantes** en **Die wildtemmer** in die middag. Dit was vervolghverhale wat vir lang tye met draaie en swaai ons verveling opgehef het. Of vertel het van 'n eksotiese wêreld soos die Boland in eersgenoemde vervolghverhaal.

Saans was dit weer **Die Du Plooy van Soetmelksvlei** wat humor en karakters in ons lewens gebring het. Net soos 'n besoek aan die inryteater (!) weer ander stories na ons gebring het. 'n Hele gesinnetjie wat kyk na 'n film met die kommentaar van almal in die bedompige, toegewasemde motor. Ma wat frikkadelle en toebroodjies inpak; pa wat bier drink en die kinders wat kyk na 'n meesterstuk soos **Daar doer in die Bosveld**.

Ook die kommentaar (en kritiek) op hierdie films word op sigself 'n verhaal-binne-in-'n-verhaal. Ma kon kinders touwys maak oor die ondeugde van marginale figure in **Lawrence of Arabia**, terwyl die jong kind alreeds in daardie prag-landskap van die woestyn iets anders raaksien of verlang om te reis na 'n eksotiese plek.

Ons vertel stories om te oorleef. Om vir 'n bed te betaal. Om te ontvlug uit die alledaagse, pynlike, vervelige of troebel werklikheid. Uit 'n boomlose, verdrukkende jeug.

Wat het van daardie biblioteke geword? Hulle had rakke in, met trapleertjies en voor kon die strenge bibliotekaresse op 'n ingeboude kassie haar stempel letterlik en figuurlik afdruk. Net twee weke lank, hoor. En nee, hierdie boek is te 'moeilik' vir jou. Juis omdat sy so streng (en humorloos was), kon ek dit nie weerstaan om **Die snydokter van Stalingrad** uit te neem nie. Dit was voordat die postmodernisme die grense tussen hoë en lae letterkunde afgebreek het en almal om jou gedink het dat dit 'onaanvaarbaar' was om sulke vertalings te lees.

Min wetend het ek toe al die postmodernisme onder die knie gehad deur hierdie minder-goeie-boeke (soos Konsalik) te lees en die plesiere van bondige dialoog raak te sien in **Mark Condor** en **Suster Theresa**. Ai, een van my gunsteling mantras bly darem uit **Die ruiter in swart** waar 'n skurk doodgeskiet word en die onderskrif lui: 'Hy het gesterf soos hy geleef het. Hard en koelbloedig.'

En in hierdie einste reisende biblioteek het ek as bloedjong kind van so twaalf of wat ook die eerste keer vir Etienne Leroux ontdek, ofskoon daar waarskuwings was teen sy vuige taalgebruik en moeilikheidsgraad.

Die vloekende, seksbehepte Sestigters (wat vandag so mak is soos 'n ou hond sonder tande) was my kos. Ook hier het my opvoeders gebulder teen die 'vuilspuite' en vloekers in ons taal. Nee wat, het my ou vader dikwels gewaarsku. CM van den Heever skryf baie beter boeke. Hy kon ook lang gedeeltes uit die boek voordra.

Vandag kan ek my ou vader gelyk gee: **Somer** en **Laat vrugte** is werklik twee uitstaande romans, maar in my aweregse, opstandige jeug moes ek dwingend van hom verskil.

*Ons vertel stories om te oorleef.
Om vir 'n bed te betaal. Om te ontvlug uit die alledaagse, pynlike, vervelige of troebel werklikheid.
Uit 'n boomlose, verdrukkende jeug*



Hierom is die beeld van die reisende biblioteek eintlik heel gepas. Lees is die suiwerste en belangrikste manier van reis.

Erkenning: Artikel het oorspronklik in Rapport van 16 Maart 2003 verskyn.

Titels in voorraad:

Die anatomie van melancholie. - Human, 1987.

Bitterlemoene. - Human, 1986.

Donker labirint. - Tafelberg, 1989.

Ewebeeld. - Perskor, 1997.

Geslote baan. - Tafelberg, 1988.

Gesteelde appels. - H.A.U.M., 1989.

Hartskrif. - Human, 1985.

Interne verhuising. - Perskor, 1995.

Die Judaskus. - Perskor/Kagiso, c1998.

Lykdigte. - Tafelberg, 2000.

Palinodes. - H.A.U.M., 1987.

Post-modernisme. - v.d.Walt, 1995.

Ruggespraak. - Protea Boekhuis, 2002.

Sewe Sonjas en wat hulle gedoen het. - Contentlot, 2001.

Die somber muse. - Jutalit, 1990.

Swart koring. - Human, 1996.

Die swart sluier. - Tafelberg, 1998.

Tachycardia. - Jutalit, 1990.

Die verlore simbool. - Tafelberg, 1991.



Elize Parker skryf...

In die Bloemfontein Biblioteek in my kleintyd was 'n bibliotekaris - ek vermoed sy naam was Dux van der Walt - die hoof, en hy was die een wat toegesien het dat kinders eindlose pret in so 'n 'upstairs' biblioteek weg van die grootmensbiblioteek het.

Biblioteke behoort monumente in samelewings te wees en nie afgeskepte gaatjies in winkelsentrums nie.

Ek gebruik die biblioteek meesal vir navorsing maar hou daarvan om daar rond te hang om lesers soos visse in 'n bak te behoer. Elke skrywer het 'n laboratorium en biblioteke en koffiewinkels is my waarneemareas. Ek glo biblioteke is nodig, want dit kan boeke vinniger toeganklik maak en 'the medium is the message', soos hulle in die advertensiewêreld sê.

Praat die gebruiker se taal en jy het hom in die kraaltjie ge- haak.

In my oë doen biblioteke veel reg vir die gebruiker maar kan ernstig verbeter op diens vir hul personeel: mens kry die idee daar is nog nie genoeg transformasie ten opsigte

van vergoeding en byvoordele nie en nou praat ek nie van gelykstellende aksie nie, maar bloot om die belangrike groep mense na waarde te skat. Ek glo die invloed kan net van stadsraadsvlak kom en dat daar hopeloos te min biblioteekvriendelike politici op stadsrade is. Hoofde van biblioteke word nie bemagtig nie en moet net altyd al die nee-antwoorde ten opsigte van begrotings aanvaar. Gebruikers het nodig om hul stadsraadslede aan te spreek oor die min fondse wat daar vir biblioteke is.

Die gemeenskap neem biblioteke as vanselfsprekend aan en het die verkeerde houding jeens biblioteke. Dit sal net verander indien biblioteke 'n beeldverandering ondergaan wat dit meer modern en kontemporêr laat voorkom.



Titels in voorraad:

Amber maan, oker son en ander verhale. - Human, c1996.

Amuliet. - Perskor, 1995.

Breekpunt. - v.d.Walt, 1995.

Elke vrou vir haarself. - Human, 2000.

Moenie vir Ma sê nie. - Lux Verbi.BM, 2001.

Nagprins. - Human, 2001.

Vlam van verrukking. - Perskor, 1994.

Waar geldhaai jag; Vuur van verlange. - v.d.Walt, 1999.

Jaco Jacobs skryf...

'n Biblioteek is van kleins af vir my 'n soort towerplek. Op die klein Karoodorpie waar ek grootgeword het, Carnarvon, was dit boonop een van die enigste plekke waar 'n kind iets kon vind om homself te vermaak.

Ek het van kleins af grootgeword met boeke en veral my ma het baie gelees en my en my suster gereeld biblioteek toe gevat. Toe ek eers in graad twee self die wonder van die biblioteek ontdek, kon niks my daar weghou nie - nie eens die kwaai tannie wat op daardie stadium bibliotekaresse was nie!

My boekverslawing het later so erg geword dat ek drie keer op 'n dag gaan boeke uitneem het. (Die einste kwaai bibliotekaresse het my toe verplig om dikker boeke met minder prente te begin uitneem.)

Ek glo die invloed kan net van stadsraadsvlak kom en dat daar hopeloos te min biblioteekvriendelike politici op stadsrade is.

Hoofde van biblioteke word nie bemagtig nie en moet net altyd al die nee-antwoorde ten opsigte van begrotings aanvaar

Die kwaai biblioteekannie het kleintyd so 'n indruk op my gemaak dat sy sweerlik as 'n soort Jungiaanse argetipe in my onderbewussyn vasgesteek het. Ek glo vandag nog heimlik dat die agtste doodsonde is om 'n biblioteekboek te laat wegraak

Die kwaai biblioteekannie het kleintyd so 'n indruk op my gemaak dat sy sweerlik as 'n soort Jungiaanse argetipe in my onderbewussyn vasgesteek het. Ek glo vandag nog heimlik dat die agtste doodsonde is om 'n biblioteekboek te laat wegraak. Ek het selfs eenmaal 'n kortverhaal met die titel, **Nie vir sensitiewe lesers nie**, geskryf oor 'n biblioteekaresse wat kinders terroriseer en in boeke verander as hulle boeke iets oorkom!

Ek is oortuig daarvan dat 'n mens jouself nie 'n skrywer kan noem as jou gunsteling plek nie 'n biblioteek is nie. Ek is verslaaf aan die stilte en sommer net die 'boekerigheid' in 'n biblioteek. En dis onvermydelik deur ander boeke dat 'n mens self begin skryf; as jy 'n boek lees en nadat jy dit toegemaak het, voel: Ek kan beter as dit doen...

My skryfwerk lei my gedurig terug biblioteek toe. Vir my boeke **Rugbypret** (rugbyfeite en -raaisels) en **Hoe wyd kan 'n seekoei se bek ooprek?** (oor Suid-Afrikaanse soogdiere) moes ek letterlik weke in die biblioteek deurbring om navorsing te doen. Die meeste van my navorsing doen ek in die openbare biblioteek in Carnarvon of by die Sasol Biblioteek by die Vrystaatse Universiteit in Bloemfontein.

Dis wonderlik om te sien hoe relatief goed 'n plattelandse biblioteek soos dié een op Carnarvon toegerus is. Soms is 'n mens net verbaas oor vreemde boekaankope - die biblioteek op Carnarvon het, byvoorbeeld, 'n hele

versameling kinderboeke in Sotho, maar na die beste van my wete is daar geen Sotho-sprekende inwoners op die dorp nie.

Persoonlik wens ek dat elke biblioteek in Suid-Afrika, selfs die kleinste een, dit kon bekostig om Internet-toegang aan die gebruikers te bied. Die Internet het so 'n belangrike navorsings- en inligtingsinstrument geword dat dit werklik onmisbaar geword het in die inligtingswêreld.

Titels in voorraad:

Duskant die doodlyn.- Lapa, 2001.

Hoe wyd kan 'n seekoei se bek ooprek?- Lapa, 2002.
(J 599.0968 JAC)

Rugbypret: rugbyfeite & -raaisels.- Lapa, 2001.

Tande.- Lapa, 2002.

Troetelgedrog.- Lapa, 2001.

Annelie Botes skryf...



Ek hou van die stille atmosfeer in biblioteke. Amper soos kerkhou. As ek my sin kon kry, sou daar altyd sagte-sagte meditasie-musiek iewers in die agtergrond gespeel het. Dis só bevredigend as die biblioteekwerkers kennis en energie het. Ek kry altyd respek vir 'n skoon biblioteek. Veral in die stad dink ek biblioteke

moet minstens een aand per week 'n bietjie later oopbly. In die plattelandse biblioteke - ek het vir die grootste gedeelte van my lewe op die platteland gewoon - is daar deesdae te min nuwe boeke. Hóé dit reggestel moet word, wis ek nie. Maar daar is 'n tekort. Plattelandse biblioteekwerkers het dikwels 'n gebrek aan kennis oor hóé 'n biblioteek werk, en die boeke is deurmekaar. Die gebruikersvriendelike stoeltjies en tafeltjies wat deesdae vir kinders beskikbaar is, dikwels met 'n mat om op te sit, is 'n puik ooparmgebaar.


Ek ken wonderlike vriendelike en hulpvaardige biblioteekaris, maar ek ken ook 'n paar wat erg suur voorkom. Vir my as grootmens is dit hanteerbaar, maar ek dink 'n oorstreng en ontoeskietlike, suur bibliotekaris kan kinders 'n weersin in boeke gee. Amper asof boeke met vrees

en boetes en 'n vinger-tikkery gepaardgaan. Tog wil ek nie met 'n bibliotekaris plekke ruil nie, want dis opmerklik hoe dat die boeke deesdae verniel word. Persoonlik dink ek 'n mens behoort te betaal om 'n boek uit te neem. Argumentsonthalwe, R2,00 per grootmens per boek, en 50c per kind per boek. Nêrens in die lewe kan mens iets só waardevol vir só min geld kry nie. Een iets wat ek nogal mis, veral die kere dat ek taamlik lank daar spandeer om

Persoonlik dink ek 'n mens behoort te betaal om 'n boek uit te neem...

Nêrens in die lewe kan mens iets só waardevol vir só min geld kry nie





naslaanwerk te doen, is 'n koffiemasjien. Ek het al gewonder of biblioteke nie tóg as 'n tipe tweedehandse handelaar kan dien nie. Koop boeke van mense aan teen nominale koste, en verkoop biblioteekboeke wat jaar ná jaar staan en stof opgaar (en ook van die aangekoopte tweedehandse boeke) en gebruik die winste om die biblioteek te vernuwe op welke wyse ook al.

Toe ek klein was, het ek gedink dat die biblioteek tannie presies weet wat in elke boek geskryf staan. Vir baie jare lank wou ek ook eendag 'n biblioteek tannie word, want ek wou ook alles weet wat in elke boek geskryf staan. Só 'n tannie moet oneindig slim wees. Op daardie manier, dink ek, het al die bibliotekarisse wat ooit my lewe gekruis het, 'n rol in my ontwikkeling gespeel. Nie soseer in my skryf liefde nie, eerder in my liefde vir die vergryping aan kennis.

Maar die een bibliotekaris wat ek kan uitsonder, is Quintin Otto van die Adelaide Biblioteek. Doer in die Oos-Kaap. Ek was al 'n groot vrou toe ek Quintin eers werklik leer ken het. Dit was so om en by 1994 toe ek besig was met navorsing vir **Klawervier**. Quintin was 'n man wat waaragtig iets van alles geweet het. En soms veel meer as net *iets*. Eenkant in die hoek van die biblioteek het 'n stokou tafeltjie gestaan, en dit was my en Quintin se teedrinkplek. Hy had so 'n outydse donkerbruin porselein teepotjie, vol windbarsies, en 'n skokgroen dikwol teemussie. Om daardie ou tafel en daardie ou teepotjie - waarvan die tee later yskoud was en hy bly inskink het asof dit varsgemaakte tee is - het ek en Quintin Otto baie-baie-baie ure omgesit. Geredeneer. Gestry. Saamgestem. Hartseer geraak. Strikvrae probeer ontsyfer. Stories vertel. Sin probeer gee aan die lewe. Partykeer was die biblioteek lankal gesluit, en buitekant was dit al aan't skemer word, dan sit ons nog daar. Regtig, ek dink nie ek ken enigiemand in die lewe met meer kennis oor meer onderwerpe as Quintin nie.

Vir my as skrywer wat eindeloos baie moet oplees oor onderwerpe waarvan ek dikwels min kennis dra, is biblioteke nie die antwoord nie. Ek is verplig om my navorsingsboeke te koop, want ek kan tog nie ver wag om te onderstreep en te high-light en kantaantekeninge in biblioteekboeke te maak nie. En wanneer ek eendag na iets wil terugverwys, dan sit ek sonder my bron. As biblioteke 'n rekord kon hê van hoe gewild 'n spesifieke naslaanboek is, en daar word bevind dat die boek selde uitgeneem word, kan dit gerus op 'n langer basis aan navorsers uitgeleen word sonder die kort-kort se hernieuwery. As ek vandag weer 'n jong ma kon wees, sou ek my kinders baie-baie meer kere biblioteek toe geneem het. Alhoewel hulle flukse bibliotekertjies was, dink ek dis 'n gewoonte wat ingedril moet word, byna soos tande borsel.

Of biblioteke 'n plek in die samelewing het... ongetwyfeld. Nie net as boekstoor of verniet-boek-plek nie, maar ook as sosiale instansie. Biblioteke is bemagtig om leesfunksies, voorleesaande, gedramatiseerde voorstellings en boekbekendstellings te akkommodeer. Tog lyk dit nie juis of biblioteke veel meer is as 'n boek-uitneem-plek nie. In my tien jaar as skrywer, is ek net een enkele

keer na 'n biblioteek uitgenooi vir 'n funksie. Dié dag as daar nie meer biblioteke bestaan nie, sal die samelewing verskriklik arm wees.

Ek dink nie die gemeenskap waardeer biblioteke genoeg nie. Vele van my vriende behoort glad nie aan 'n biblioteek nie. Maar hulle is bereid om eenkeer-lees-boeke by boekklubs te koop. As ek kyk na die hoeveelheid boeke wat daar in my eie huis rondstaan, en wat ek voor my siel weet ek nooit weer gaan of wil gebruik nie, dan verstaan ek nie hoekom ek nie die spulle bymeekaarsit en vir die biblioteek gaan gee nie.

Daar behoort op skoolvlak véél meer opvoeding te wees oor die respek waarmee 'n mens 'n boek behoort te behandel. Eintlik is biblioteke seker een van die mees ongewaardeerde 'barmhartigheids'-instansies wat bestaan. Want hulle deel een van die lewe se mees essensiële dinge uit - kennis. En kennis en verbreding van die horisonne is iets waarsonder 'n individu en ook 'n samelewing agteruitboer. En tóg het ek self nog nooit daaraan gedink om as vrywilliger net één keer per jaar vir één oggend lank te gaan donkierwerk doen in 'n biblioteek nie. Ouers kan ook uit harts-goedheid omsien (en terselfdertyd groot opvoedingswerk doen) deur te kyk op watter maniere hulle gehawende biblioteekboeke weer kan gesond maak voordat dit teruggehandig word.

Titels in voorraad:

Klawervier. - Tafelberg, 1997.

Nawelstring. - Lapa, 2002.

Raaiselkind. - Tafelberg, c2001 (2002 druk).

Ribbokvoete. - v.d.Walt, 1995.

Trippel sewe. - Queilleries, 1995.

Die trousseaukis en ander stories. - Tafelberg, 1998.

Helene de Kock skryf...



Ek het in 'n huis vol boeke grootgeword. In my pa se tuisbiblioteek was letterkundige werke, lekkerlees boeke en teologiese werke, meesal iewers oorgeërf.

Laat in my lewe het ek eers besef dat daar baie mense is wat nie dieselfde passie vir boeke het as dié waarmee ek blykbaar gebore is nie. Boeke is in my bloed. Van kleins af het ek saam met my ma biblioteek toe gegaan omdat ons nie juis nuwe boeke kon bekostig nie. 'n Besoek aan die dorpsbiblioteek was die hoogtepunt van my week. Ons het elke week gegaan omdat ons gretige lesers was. Dit het wêreld vir my oopgesluit.

Om te lees, is om op 'n reis na dieptes en hoogtes, ruimtes en ver plekke te gaan. Ook my kinders het baie vroeë van 'n biblioteek geweet en lank voordat hulle kon lees, het hulle prentboeke uitgeneem. Ek dink 'n plek sonder 'n biblioteek is 'n dooie plek. As owerhede en gewone mense hulle nie beywer vir hul eie biblioteek nie,

is hulle nie nuuskierig nie, wil hulle nie leer nie en ken hulle nie die wonderbaarlike genot wat 'n goeie boek bied nie.

Soos daar al gesê is, 'n mens leer nie net die verhaal van 'n goeie boek ken as jy dit lees nie, maar jy leer jouself bo alles ken. Jy ontdek jou eie verlangens en belangstellings, begeertes en drome. Jy leer in 'n goeie boek wat liefde en wysheid is, hoe deernis behoort te wees, wat alles tot rampe kan lei, hoe om regtig méns te wees en waar om na God te soek. Ek is van mening dat 'n beskawing wat sy biblioteke verwaarloos op die afdraand pad is. Dit sou dalk help as bibliotekarisse hul stem dik maak omdat daar veel minder boeke aangekoop word as 'n dekade of wat gelede. Veral Afrikaanse boeke bly hier in die slag.

Boeke is myns insiens net so belangrik soos kos. Leerders wat nooit lees nie omdat daar eenvoudig nie boeke beskikbaar is nie, sal later honger ly. 'n Honger van die gees is amper net so erg soos die honger na kos. Eweneens is dit belangrik dat lesers hul waardering toon deur die biblioteekboeke wat wel beskikbaar is, beter op te pas. 'n Boek is 'n fyn ding. En 'n biblioteek is 'n fyn plek...

Titels in voorraad:

3 van die bestes.- Lapa, 2000.

7 liefdesnovelles.- v.d.Walt, 1997.

Anderkant die vloedwaters.- Kennis Onbeperk, c1997.

Ballade vir 'n bruid.- Kennis Onbeperk, c1997.

Bittersoet sewe: liefdesnovelles.- Tafelberg, 1991.

Die bruidseisoen: twee novelles.- Kennis Onbeperk, c1994.

Digby Grootgewaag.- Jacklin, 1998.

Engel op die drumpel.- Christelike Uitg., 1999.

Gruispad na Tog Wat.- Kennis Onbeperk, c1997.

Die herfsbelofte.- Jacklin, c1999.

Hoor jy die skoelappers?- Christelike Uitg., 2001.

Job, die ashoopman.- Aktuapers, 1997.

Joernaal van 'n winterjaar.- Jacklin, c2000.

Kamer van die stormwind.- Kennis Onbeperk, c1997.

'n Kind vir Vier Oude Vrindes.- Kennis Onbeperk, c1997.

Kronkelpad na Vergenoeg.- Jacklin, c1998.

Man van gister.- Makro Boeke, c1994.

Man van kaliber.- Jacklin, c1999.

Mense van faam.- Human, 1998.

Met vandag se brood.- Makro Boeke, c1994.

Môrester, môrester: 8 novelles.- v.d.Walt, c1993.

Openbaring, die boek wat ons bly maak.- Aktuapers, 1999.

Plek van die bittermaan.- Kennis Onbeperk, c1997.

Die Riemland tweeluike.- Human, 1999.

Ruitjiesvenster.- Kennis Onbeperk, c1995.

Saterdagkind.- Jacklin, c1998.

Seisoen van die skimmelson.- Retief, c1989.

Sewende somer.- Kennis Onbeperk, c1997.

Die skadubelofte en ander verhale.- Jacklin, c1999.

Die skadubelofte en ander liefdesverhale.- Human, 1999.

Skemerspel.- Kennis Onbeperk, c1997.

Soetwyn vir 'n Sondagkind.- Tafelberg, 1985.

Die soete dwaling.- Kennis Onbeperk, c1994.

Sonder winter.- Kennis Onbeperk, c1997.

*Ek dink 'n plek sonder 'n biblioteek is 'n dooie plek.
As owerbede en gewone mense bulle nie beywer
vir hul eie biblioteek nie, is bulle nie nuuskierig nie,
wil bulle nie leer nie en ken bulle nie die
wonderbaarlike genot wat 'n goeie boek bied nie*

Tiendes van silwer.- Human, 1996.

Uur van die sewester.- Human, 1989.

Ver vlug na môre.- Makro Boeke, c1995.

Volmaakte versnit.- Jacklin, c1998.

Vonkeljaar se kind.- Lapa, c2002.

Vrou van formaat.- Jacklin, c1999.

Die Vrystaat is verniet: 5 liefdesnovelles.- v.d.Walt, 1995.

Vuurvlieg.- Kennis Onbeperk, c1997.

Windspoor.- Kennis Onbeperk, c1997.

Die wynland omnibus.- Human, 2000.

2003

